

Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 13 Jan 2018
Page: 35

AVE: 13398.00
Circulation: 38918
Part: 1 of 1

# Shadine gaan haar slag wys vir SA

**Annchen Nel**

Die Gautengse verdediger Shadine van der Merwe is eindelik beloon vir haar goeie spelpeil van verlede jaar.

Sy is gister in die Suid-Afrikaanse netbalspan ingesluit vir die vierhoekige reeks later vandeesmaand in Engeland en Suid-Afrika.

Van der Merwe (25) is ná verlede jaar se provinsiale toernooi as die speler van die toernooi aangewys en was die beste verdediger in die nasionale Premierliga.

Sy was ook Tuks se inspirerende kaptein wat die Varsitytitel verower het.

Van der Merwe is egter oor die hoof gesien vir die nasionale Fast5-span, wat in Oktober aan die Wêreldtoernooi in Melbourne deelgeneem het.

Sy het Suid-Afrika in 2015 verteenwoordig, op o.21-vlak en ook in Fast5-netbal, en sal nou kans kry om weer haar slag te wys teen Australië, Nieu-Seeland en Engeland.

Sy is die enigste nuweling in die groep van 12 spelers.

Die Proteas speel volgende Saterdag in Londen teen die Aussies, waarna hulle op 25 Januarie in Johannesburg slaags raak met die Kiwi's en op 28 Januarie met die Engelse.

Elsjé Jordaan, 'n Protea-hulpafrigter, sê dit was moeilik om die 12 te kies.

"Almal wat die twee dae hier was, het goeie rekenskap van hulself gegee. Ons het net 16 spelers by die oefenkamp gehad, en het 'n paar wedstryde teen mekaar gespeel. Die span was voor die laaste ronde wedstryde nog nie gefinaliseer nie.

"Die spelers het hard gewerk en hul kondisionering lyk goed vir so vroeg in die seisoen."

Die Proteas het min voorbereiding gehad voor hul drie van die wêreld se beste spanne pak.

Die o.21-doelskieter Danelle Lochner, wat in September haar senior debuut gemaak het, is in die groep behou, en so ook Ine-Mari Venter, wat in die SA groep was, maar nie speelkans in die vierhoekige reeks in Australië en Nieu-Seeland gekry het nie. Izette Griesel maak haar terugkeer tot die SA groep. Sigi Burger en Renske Stoltz is oor die hoof gesien.

■ **SA groep:** Bongiwe Msomi (k), Karla Pretorius (o/k), Erin Burger, Izette Griesel, Maryke Holtzhausen, Danelle Lochner, Phumza Maweni, Precious Mthembu, Lenize Potgieter, Shadine van der Merwe, Ine-Mari Venter, Zanele Vimbela.




**Shadine van der Merwe**
Foto: VARSITYSPORT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.